ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 4/2 vere et iucunde Maart 1988

# WARE GEREFORMEERDE KERKWEES

Dit is asof daar 'n bietjie stilte na die storms gekom het. Die sinodes is verby. Die APK swyg. Levubu en Kimberley se nek word nie omgedraai nie. Die Kerkbode beleef komkommertyd.

Dalk is dit goed. Hopelik gebruik almal die tyd om na te dink. Hopelik gebeur daar weer iets as ons hoor wie die paneel van dogmatici is wat die gehawende st. 5 kategeseboeke gaan beoordeel — voordat nóg 'n druk van die pers kom.

Daar is 'n tyd om weerstand te bied, en daar is 'n tyd om te wag.

* * *

Dit is belangrik dat die Afrikaanse kerke ware gereformeerde kerkwees herontdek. Al die gereformeerde Afrikaanse kerke. (Sekerlik ook anderstaliges, maar óns verkeer in die Afrikaanse gespreksgemeenskap.)

Ware gereformeerde kerkwees beteken dat 'n kerk nie primêr polities geïnspireer moet wees nie; nie die kerk van die blanke Afrikaner nie. Ook dat 'n kerk nie van die gereformeerde belydenisskrifte die bronne vir lesings moet maak nie. 'n Kerk en sy lidmate word nie gered omdat hulle dogmaties suiwer glo nie.

Ware gereformeerde kerkwees beteken ook dat 'n kerk nie op twee of meer stoel kan bly sit nie. Hy kan nie Arminiaans-metodisties wees én gereformeerd nie. Daar is maar één evangelie.

ART. 26. BELIJDENIS DES GE

re ons de toegang gesloten. Maar deze Middelaar, dien de Vader ons heeft gegeven tusschen Hem en ons, moet ons door zijne grootheid niet verschrikken, om ons eenen anderen, naar ons goeddunken, te doen zoeken. Want er is niemand, noch in den hemel, noch op aarde, onder de schepselen, die ons liever heeft dan Jezus Christus, *die in de gestaltenis Gods zijnde, zich zelven vernietigd heeft, de gestaltenis eens dienstknechts aangenomen hebbende*, Phil. II:6, 7, voor ons, en *is in alles zijnen broederen gelijk geworden*, Hebr. II:17a. Indien wij nu eenen anderen Middelaar zoeken moesten, die ons goedgunstig ware; wien zouden wij kunnen vinden, die ons meer beminde, dan hij, die zijn leven voor ons gelaten heeft, *ook toen wij zijne vijanden waren*, Rom. V:

As ons maar sáám en in vinniger groeiende getalle die bloedwarm evangelie kan herontdek. Dat God liefde is; dat Hy dit op die kruis bewys het; dat ons dit sonder meer en van harte mag glo. Dat ons saligheid nie in ons hande is nie, maar Goddank in God s'n.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988

# A LONELY JOB

Die lesers van Swart op Wit moet kennis neem dat die redakteur die blad waarskynlik self sal veronge-luk. Hy het geen illusie daaroor nie. Dis nie sy be-geerte nie, wel sy vrees en sy verwagting.

Ek voel my verwant aan Steinbeck wat, hoewel hy homself min herhaal het, tog in sy briewe oor en oor geskrywe het: This is a lonely job.

Op die lange duur kán ek nie die advies volg van vriende wat sê ek moet taktvol wees en mense nie antagoniseer nie. Ek het in 'n kerk groot geword wat in sy praktyk diep aangetas is deur metodisme en piëtisme, en my ervaring is: dat dit 'n hardnek-kige en onbekeerlike geestesrigting is wat vero-werde gebied en vestings nie maklik prysgee nie. Veral nie in die aangesig van swakheid nie.

Dis nie dat ek dié kerk nie liefhet nie, maar ek het die weerlose volle evangelie en die belydenis van dié kerk liewer. En my lewe is kort. Ek het 'n leef-tyd lank gesien hoe die reformasie van die kerk teengestaan en omseil word; hoe daar op papier 'n tree gevorder word, maar hoe daar dan in praktyk weer tien treë teruggegly word. En hoe die terug-waartse stappe dan oor en oor as sukses geboek-staaf word. Soos met die Gemeenteboureeks wat, volgens 'n amptelike woordvoerder, nie hersien word omdat daar foute en dwaling in is nie, maar omdat dit beleid is.

Ek is nie iemand met 'n masochistiese begeerte om 'n martelaar te wees nie. Ek is 'n mens wat skryf wat ek sien en wat nie gesus word met leë praatjies nie. Ek sal my ook nie laat afdreig deur vriend of vyand nie.

Ek is ook 'n sondaar, en as dit sou blyk dat ek 'n fout gemaak het met my benadering, sal ek my daarby neerlê as Swart op Wit op die rotse loop. Swart op Wit is nie 'n koninkryk nie, dis 'n getuie-nis. Net die geskiedenis sal bewys of hy misplaas was. Vir die huidige lyk dit nie so nie, want die in-tekental groei.


## SWART OP WIT

REDAKTEUR: Manie Malan
MEDEREDAKTEUR: Elmer Erlank
ADMINISTRASIE: Annatjie Malan

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105

KOSTE

Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R4.

KANSELLASIE

Intekening bly geldig totdat dit skriftelik beëindig word. Dit verval nie outomaties as intekengelde verbruik is nie.

FREKWENSIE

SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een elke twee maande nie.

OUTEURSKAP

Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

# KAN ENIGIEMAND PREEK?

Dit is 'n moeiliker vraag as wat mens dink.

Die Dordtse Kerkorde — wat algemeen beskou word as een van die belangrikste bronne van ons kerkreg — het dié vraag op 'n merkwaardige wyse bevestigend én ontkennend beantwoord.

In art. 3 van dié kerkorde word bepaal dat niemand, al is hy 'n doktor, 'n ouderling of 'n diaken, die Woord en die sakramente mag bedien as hy nie wetlik (amptelik) daartoe beroep is nie. As iemand dit nie-amptelik sou doen, moet hy vermaan word, en, as hy nie wil luister nie, moet hy by die klassis (ring) aangegee word wat sal oordeel of hy 'n skeurmaker is of hom sal straf.

In die beroemde art. 8 word die weg aangewys wat diegene moet bewandel wat amptelik wil preek, maar wat nie teologie gestudeer het nie. Hulle moet hulleself aanmeld en dan sal die meerdere vergaderings besluit oor hulle uitsonderlike gawes, welsprekendheid en regsinnigheid, hulle eksamineer, en hulle daarna, desgewens, beroepbaar stel.

> ***Die Dordtse Kerkorde het dit vir 'n ongestudeerde moontlik gemaak om predikant te word, maar eers nadat hy gekeur en geëksamineer is.***

Die twee artikels is dus nie in stryd met mekaar nie. Slegs gelegitimeerdes (gewettigdes) mag Woord en Sakramente bedien. Maar die pad word oopgehou vir die nie-gestudeerdes om gelegitimeer te word.

Die NG Kerk (anders as die Gereformeerde Kerk) het mettertyd in sy kerkorde hierdie bepaling weggelaat, waarmee ek dit in beginsel nie eens is nie. Die wetenskap, ook die teologiese wetenskap, mag nie tussen die gelowige en die amp staan nie.

Intussen beteken die weglating van hierdie artikel allermins dat enige iemand nou maar in die NG Kerk mag preek en sakramente bedien. Inteendeel, die kerk het geoordeel dat hy oor genoeg gestudeerde predikante beskik, en dat teologiese opleiding toeganklik genoeg is.

Dit sal die kerk baat om hierdie reëling strenger toe te pas, of om die ou art. 8 terug te bring. Daar word veels te veel nie-amptelik geketter.

As die sogenaamde lekepredikers en hulle aanhangers skeef hieroor opkyk, moet hulle hulle tog afvra wat kerk-orde beteken. Dit beteken nie wan-orde nie.

## Gebed voor die erediens

Here, ons God — Ons kom uit die gejaag en gewoel van ons lewens en ons sorge hiér na waar waters van rus is. Wek asseblief die verwagting in ons harte dat u sagte evangeliewoorde met ons gaan praat; dat u Gees, die Trooster, ons leë harte sal vul met sy be-Geesterde woorde. Dankie dat u Gees ons heilig verklaar, al is ons onheilig — dat Hy dit doen om Christus ontwil; dat ons dit van die hand kan wys, maar nie kan ontken nie. Dankie dat U dié magtige genade van begin tot einde in die erediens aan ons gaan bewys.

Neem asseblief ook die verkeerde vooroordele in ons harte weg; dit wat kan maak dat ons u helende woorde nie hoor nie. Neem dit weg uit die harte van hoorders en sprekers. Sodat u koninkryk nog nader kan kom, en ons u Naam kan heilig. AMEN.

Wat is die lewensgevoel

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988*

# IN DIE HANDE VAN DIE LEWENDE GOD

**Heb. 10:18–39**

*'n Preek oor een van die verskriklikste oordeelstekste in die Nuwe Testament.*

Stemme gaan op dat ons net genade preek en nie oordeel ook nie; en dit terwyl die Bybel self oordeel ook preek.

Daarom het ek een van die verskriklikste oordeelstekste in die Nuwe Testament geneem:

*Heb. 10:31: "Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val."*

Ek sal die teks behandel in die konteks waarin die Hebreërbriefskrywer hom behandel.

As die sonde vergewe is, sê hy, is geen offer daarvoor meer nodig nie. En die sonde *is* vergewe. Dit het hy male sonder tal aangetoon en verkondig. Die laaste Hoëpriester het Homself geoffer en eens en vir altyd vir al ons sonde betaal; ál die sonde van die wieg tot die graf; die sonde van die hele wêreld.

Daarom kan die Hebreërs maar ophou lammetjies slag. As die sonde vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie. En die mense kan met blydskap en sonder kwelling lewe: die sonde is vergewe. Geen boetedoening meer nie.

> *Hier staan nie dat ons eers met die sonde moet klaarspeel en dan in die heiligdom kan ingaan nie. Hier staan die teenoorgestelde.*

Ons het dus nou (v. 19) deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, die allerheiligste. Vroeër kon ons net in die voorhof van die heidene kom, daar waar die Jode handel dryf. Alleen die hoëpriester mog een maal 'n jaar in die allerheiligste kom, maar nou mag óns daarin. Daar waar die hart van God, God self is. Dit is 'n pad wat nuut is en wat na die lewe lei (v. 20), want as ons by God uitkom, kom ons by die nuwe lewe uit, en het ons 'n toekoms. Ons is nie meer sonder hoop en sonder God in die wêreld nie.

So verkondig hierdie prediker die evangelie, die verhaal van ons verlossing. Hoe Gód gedoen het wat ons nie kon nie. Dit moet u tog nie mislees nie. Hier is geen sprake van dat ons in die heiligdom kan ingaan omdat ons ons skoon en heilig genoeg gemaak het nie. "Hierdie pad het Hy vir ons gebaan ... deur (lees: met) sy liggaam."

Die sektes misbruik hierdie woorde om die mense te dryf. Veral v. 22. "Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete en ons liggame is gewas met skoon water." Skreeu die boeteprdikers: Kry jou hart reg! Raak ontslae van jou skuldige gewete! As jou hart opreg is en jou gewete nie meer skuldig nie – as jy klaargespeel het met die sonde – dan kan jy die heiligdom ingaan.

Maar dit staan nie hier nie. Die teenoorgestelde staan hier. Ons kon onsself nie skoon kry nie. Ons kon nóóit kwalifiseer om in die heilige teenwoordigheid van God te kom nie. Toe het *Jesus* ons gewas – met sy bloed, gesimboliseer deur die rein water van die doop. Hý het die voorhangsel oopgeskeur. Hý het die sonde weggeneem en daarom die skuldige gewetes. Hý het die hart rein gemaak. Dáárom kan ons in die heiligdom ingaan.

So verkondig hy die wonderlike evangelie. Nóg 'n plek waar die hele Bybel op één bladsy van die Bybel staan.

En dan bemoedig hy sy hoorders en sy lesers: "Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely..." (v. 23) Die hoop op 'n mooier beter toekoms. Laat ons dit bly hoop, want ons hoop is nie gebou op ons kwalifikasies of bekwaamheid, soos wanneer ons hoop op 'n pos nie, ons hoop is gebou op Gód wat belowe het. Dit sál gebeur, "want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."

Wanneer kom die oordeelsverkondiging dan, vra u? Wees maar geduldig. Dit kom.

Eers vermaan die briefskrywer die Jode-Christene om vrugte te dra wat by die bekering tot hierdie genade van God pas. Hy sê (v. 24,25): sien na mekaar om, spoor mekaar aan tot liefde en goeie dade. Soos Luther: Aangesien ons nie die hemel met ons goeie dade hoef te verdien nie, het ons al die tyd in die wêreld om vir mekaar goed te wees. Daarom moet ons ook nie die samekomste van die gemeente verwaarloos nie, want daar kan ons mekaar bemoedig en vashou.

* * *

Nou, na die behandeling van sonde, verlossing en dankbaarheid, kom ons skrywer by 'n deel van sy preek wat bitter moeilik van sy hart moes gekom het. Na al die versekerings, al die genade.

> *Ons hoop is nie op ons kwalifikasies gevestig nie, maar op God wat doen wat Hy beloof het.*

Hierdie redding deur ons enigste laaste Hoëpriester, was ook die lááste redding. As julle onverskillig en ongelowig bly sondig nadat jy hierdie evangelie gehoor het, bly daar geen offer meer oor wat ons sondes kan wegneem nie.

Hy het hierdie deel van sy preek begin met die mededeling dat waar die sondes vergewe is, geen offer meer nodig is nie, en nou draai hy dit om. As die offer en die sondevergifnis versmaai word, bly daar geen offer meer oor nie. Jesus sal nie wéér sterwe nie. So soepel is die Bybel. Die een plek kan hy sê dat ons Christus weer kruisig, en op 'n ander dat Hy nie weer die kruisoffer sal bring nie. Dis afgehandel. Eens en vir altyd.

En dan begin die verskriklike woorde.

Al wat oorbly vir dié wat volhard in siniese ongeloof, is 'n verskriklike verwagting wat die teenstanders van God sal verteer. (v. 28) Daar is geen twyfel oor nie. As twee of drie getuies bevestig het dat iemand die wet van Moses oortree het, die ABC, die Trap der Jeugd, is hy doodgemaak. Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hý kry wat die Seun van God verag het en die bloed van die verbond en die Gees wat genade gee (Groot Nieuws Vert.), gratis uitdeel, geminag het? (v. 29) 'n Hollandse geleerde het van die bloed gesê: Vir mý gestort? Dankie, jy kan dáárdie bietjie bloed maar vir die hond gee.

As dít gebeur, bly daar net 'n verskriklike verwagting oor van oordeel en gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer. Want God het in Deut. 32 al gesê Hy sal die sonde en ongeloof straf en vergeld.

En dan kom ons teksvers soos 'n smartkreet, 'n laaste waarskuwing op die grens van die genade:

**"Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val."**
**"Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God." (OV)**

Dit is die absolute keersy van die mooiste teks in die Bybel: God is liefde. In God brand 'n hart van liefde. Maar as jy dit end-uit versmaai, dan is dit vreeslik om te val in die hande van dié lewende God wat 'n verterende vuur is.

Kyk, as God álles gedoen het, as Hy in Jesus Christus sy brandende hart oopgeskeur en nader aan ons gekom het as ons aan onsself, dan kán God, met ontsag gesê, nie nader kom nie.

As ek op iemand afkom wat my kind doodmaak en ek het 'n wapen by my, sal ek hom vrek skiet. Ek sal dit sonder enige twyfel doen. God het so gekyk hoe die mense, hoe óns, ons sonde, sy Seun kruisig, en God het ***niks*** gedoen nie. Hy het die legioene engele teëgehou, selfs toe Hy sy aangesig in duisternis verberg het om die goddelose skouspel nie langer te aanskou nie. En toe het Hy die skuld, die moordskuld van die mense met die dood van Jesus betaal. Hy het die Lam geslag en laat slag. Die lááste Lam, wat die skuld van die hele wêreld wegneem.

> *"Van Christus se bloed vir mý gestort? Dankie – dáárdie bietjie bloed kan jy maar vir die hond gee."*

Dit is die toppunt van liefde wat op Gods aarde kan bestaan.

As iemand dít versmaai, sal dit vreeslik wees om te val in die hande van die lewende God.

Almal moet baie goed na hierdie waarskuwing luister. Die onverskilliges wat nie in God se genade belangstel nie. Maar ook die fariseërs wat God se genade nie nodig het nie omdat hulle sélf die dinge tussen hulle en God regmaak; en dan onrus in die gemeente saai en die verkondiging van die genade verdag maak.

Ek waarsku julle! Ek waarsku julle in die Naam van God. Dit is verskriklik om te val in die hande van die lewende God. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

* * *

En dan word die prediker se stem weer sagter en die vermaning minder skel. Hy herinner hulle aan die wonder van hulle eerste liefde (v. 32—36), en sê God sê: "Wie deur My vrygespreek is ... sal lewe". Dis maar wéér die evangelie; en 'n herhaling van die verskriklike waarskuwing: "Maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie." (v. 38)

> *As die verskriklike waarskuwing gerig is, neem die oordeel van die liefde oor.*

En dan verander sy teks.

**Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe.**

Kom ons verander ook ons teks. 'n Teks moet die diepste bedoeling van die Bybel weergee. Die Bybel is evangelie. As die verskriklike waarskuwing gerig is, neem die oordeel van die liefde oor: Julle sal tog nie die genade van God van die hand wys nie? Ons sal dit tog nie doen nie! Ons is nie van dié wat verlore gaan nie. Ons gló, en ons sál lewe.

---

# Samewerking

Mense maak nog op 'n ongelukkige en selfs perverse wyse gebruik van die holruggeryde onderskeiding tussen werkende en meewerkende genade ... As Augustinus in dié rigting praat, verdeel hy nie die werk tussen ons en God nie ... Hy boekstaaf eerder die toename in genade. Elders sê Augustinus dit duidelik: Baie gawes van God word gegee vóórdat die mens goeie dinge doen. Die goeie wat die mens doen, is een van God se gawes. Daarom is dit duidelik dat daar vir die goeie wil van die mens niks oorbly om vir homself op te eis nie. (Inst. 2,3,11)

# DAELIKSE WOORD

In ons vorige uitgawe het ons 'n diagnose gegee en meer inligting aangevra oor die dagboekies genoem "Daelikse Woord". Van dr. Pieter Bekker kom die mededeling dat dié boekies uitgegee en versprei word met verlof van die Unity School of Christianity in Missouri, VSA.

Hierdie beweging is tans die grootste verspreider van religieuse posbestellingslitteratuur in die wêreld. Die filosofie van Unity word gegiet in skynbaar onskuldige "happy thoughts" en "kind ideas" wat die wrede opvatting dat die mens 'n rebel teen God is, vir altyd wil verban.

Die geestelike vader van Unity — al verbloem hulle dit — is die panteïs Phineas Parkhurst Quimby wat ook die inspirasie agter Mary Baker Eddy se Christian Science- en die New Thought-beweging was.

Die eintlike stigters van Unity was 'n agnostikus Charles Fillmore en sy ex-metodistevrou Myrtle. Eers het hulle Christian Science en New Thought ondersteun, maar in 1922 hulle eie beweging afgestig wat voorgenoemdes in getalle ver oortref het.

Daar was skynbaar nie 'n godsdiens of 'n dwaling wat die Fillmores met rus gelaat het nie. Hinduïsme, Spiritualisme, Jogaïsme, Teosofie. Van eersgenoemde is selfs reïnkarnasie oorgeneem, aangepas by wat vir die Westerse bewussyn aanvaarbaar sal wees. Maar tog nog so dat die eet van vleis langtand geskied — want dalk is daar 'n siel in. Unity besit in Unity City die beste vegetariese kafeteria in die wêreld.

Dit is net begryplik — teen hierdie agtergrond — dat nie 'n enkele leerstelling van die Christendom onaangetas gebly het nie. Die gesag van die Bybel as *enigste* woord van God; die heilige Drie-eenheid; die godheid van Christus en sy versoeningswerk, verlossing, opstanding; die sonde.

Het Paulus nie gesê die duiwel sal na ons kom in die vorm van 'n engel van die lig nie? Happy thoughts, kind ideas.

(Bron: Walter R. Martin — The kingdom of the cults)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988

# HOOR EN GLO

Gert Duursema
**Skrifgedeelte: Gal. 3:1–14**

*Die vierde aflewering in 'n reeks oor Galasiërs en die Heilige Gees.*

Irriteer dwase u ook grensloos? Kyk, met 'n verstandige mens kan jy nog redeneer. Hy kan rede verstaan. Hy is vatbaar vir oortuiging. 'n Dwaas wil geen rede insien nie. Feite wat nie in die dwaas se skema pas nie, maak hy af as onbelangrike uitsonderings. Vandaar die gevoel van matelose irritasie, eintlik 'n soort magteloosheid – niks wat jy sê of doen kan die dwaas tot beter insig bring nie.

Maar hoe gemaak as die dwaas 'n mens is vir wie u lief is? Irriteer 'n geliefde 'n mens ook so? Ek glo nie. Daar sal ten minste geduld by die irritasie wees. Daarom het Paulus die Galasiërs met 'n sug én met liefde "dwase" genoem.

> *Paulus se emosie is 'n warboel. Die een oomblik vervloek hy; die volgende oomblik pleit hy.*

In dié lig begryp ons Paulus se gemengde gevoelens. Om die waarheid te sê, Paulus se emosie is in 'n warboel. Die een oomblik vervloek hy (Gal. 1:18); die volgende oomblik pleit hy. Dit is sy kinders vir wie hy baie lief is, mense wat hy met sorg na die Here gelei het, wat nou soos dwase optree. Hy het hulle goed groot gemaak, en nou het hulle groot sleg geword. Dit maak Paulus verwonderd en ontsteld, verbaas en kwaad, verward en omgekrap. Dit is die indruk wat 'n mens kry by die lees van die eerste twee verse van ons Skrifgedeelte.

Moenie dink dat dit 'n bloot teoretiese, 'n intellektuele verwarring is nie. Die situasie gaan werklik sy verstand te bowe. Dit is tog onbegryplik dat mense, voor wie Jesus as 't ware gekruisig is, Hom sou wou vervang? Hoe verklaar 'n mens dit dat mense wat eens Jesus lief had, Hom dan wil verruil? Verruil, nie vir beter nie, maar vir wat nie kan red nie. Dit maak jou kop plat. En jou hart seer. Al wat hy vir hulle kan sê, is: "Julle is getoor". (Vgl. die '33 vertaling van Gal. 3:1.)

* * *

Hoe maak 'n mens enige sonde begryplik? Paulus sou met graagte bely: sonde is altyd onverklaarbaar.

* * *

Wat die optrede van die gemeente nog meer onverklaarbaar maak, is die feit dat hulle *ervaring* van die teendeel spreek. (Interessant dat Paulus ervaring as argument gebruik.) Tans dink hulle dat God sy Gees aan hulle gegee het omdat hulle so oulik was. Hulle het dit verdien om met die Heilige Gees vervul te word – dink hulle. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Hulle was rou heidene wat deur God se wonderbare genade uit hulle ydele, sinlose lewe vol allerlei Godonterende praktyke verlos is en ook die Gees as eerste gawe (Rom. 8:23) ontvang het. Hoe kan hulle, hoe durf hulle, reken hulle het die Gees ontvang omdat hulle dit verdien het? Dit laat mens koud word. Dit klink na heiligskennis. Goddeloses het genade gevind en nou wil hulle die eer wat alleen aan die Heilige Gees toekom, Hom ontneem. Dit kan tog nie.

* * *

"...Wat saak maak is dit waarby ek leef, dit waarop ek vertrou, dit wat die grond van my bestaan uitmaak, dit wat ek verstaan as my roeping voor God; is dit geloof en dus God self in sy genade of is dit my eie bewysbare realiteit en derhalwe ek self?" (Gerhard Ebeling, The Truth of the Gospel)

* * *

Dit is tog die hart van die stryd: die stryd om die hart. Die vraag na wie in beheer van my hart is: is dit God in sy genade of ek self in my dwaasheid? Luther het van die wese van die sonde gepraat as 'n ingebuigdheid op jouself (incurvatus in me ipsum). As die bekering nie 'n refleksie is van die oorwinning van God oor myself nie, as my gees en nie die

Gees steeds die sentrum van my lewe is nie, as bekering nie hierdie ingebuigdheid op myself verander sodat ek nou op God gerig is nie, is dit regtig bekering?

Bekering is 'n radikale saak. Dit is 'n spieëlbeeld van die kruis: dit weerspieël dat alles volbring is; dat die oorwinning behaal is; dat ons nou vrede met God het — ek het geabdikeer, nee, ek is gedood (Gal. 2:20), nou leef Jesus.

***Die Galasiërs het die Gees as éérste gawe ontvang. Daar is geen sprake van dat hulle die Gees ontvang het omdat hulle daarvoor gekwalifiseer het nie.***

Waarop kan 'n kadawer roem? Al wat 'n kadawer kan doen, is sleg ruik. Nee, daar is wel iets wat hy kan doen: hy ontbind, vergaan — word minder — soos ek moet sodat Jesus meer kan word. 'n Kadawer kan onmoontlik in homself glo. Enige heil wat na sy kant toe kom, moet noodwendig van buite homself kom.

Alleen die Almagtige kan lewe uit die dood gebied. In Hom glò ek. Daarom is die grond van my bestaan, dit waarop ek vertrou, dit waarby ek leef, Jesus. Die Gees in dié kadawer is God se Gees.

* * *

Hoe gebeur dit dat ek glo? Hoe kom daar lewe in die kadawer? Daar sal wel mense wees wat tog wil hê dat die kadawer op 'n manier 'n aandeel in sy opwekking uit die dood moet hê. Die antwoord lê vir ons opgesluit in vers 2 van ons Skrifgedeelte. En ek bedoel regtig opge-slúit omdat ons vertalings nie die oorspronklike weergee nie. In die Grieks vind ons twee werkwoorde langs mekaar t.w. *akoeê* en *pisteus* — letterlik: "hoor glo". Ek het 'n paar van die nuutste vertalings geraadpleeg en almal (d.i. Good News Bible, Die Gute Nachricht en die Lewende Bybel) is eenstemmig in hulle vertaling: "...Julle het Hom (die Heilige Gees) ontvang omdat julle die boodskap oor Christus *gehoor* en dit *geglo* het."

Dieselfde moet met die kadawer gebeur as wat destyds met Lasarus gebeur het: Jesus het voor die graf kom staan en die dooie aangespreek. Wonder bo wonder het die dooie gehoor. Hoe moet u nie vir my vra nie. Al wat ek weet, is dat God dooies aanspreek en dan hoor hulle. En hulle ge-*hoor*-saam. Vir Lasarus sê Jesus: "Kom uit die graf uit!" en dan *kom* hy. Wie sou die wonder aan Lasarus wou toeskryf?

***Bekering is 'n spieëlbeeld van die kruis — dit weerspieël dat alles volbring is.***

Dieselfde gebeur as mense die evangelie hóór. Wonder bo wonder gló hulle. As die kadawer die Gees hoor fluister, leef hy skielik. Hy kry die Lewe. Ook hier kan mens nie, mag 'n mens nie die wonder aan die daad van die geloof toeskryf nie. Die eer kom die almagtige roepstem van die Heilige Gees in die Evangelie toe.

* * *

***Al aktiewe daad wat 'n lyk kan pleeg, is om te ontbind.***

Begryp u Paulus se verwardheid? "Julle moet getoor wees om te dink dis julle wat in julself die lewe gewek het. Luister nog eens, liewe Galasiërs: *Christus* het ons losgekoop van die vloek..."

Nie aan ons nie o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer.

---

# Sabbatsrus

Die uitspattigheid van ons trots is ongelooflik en monsterieus. Die Here stel geen strenger eis as dat ons sy sabbat nougeset moet onderhou nie (Eks. 20:8; Deut. 5:12) — dit is dat ons moet rus van ons werk. Tog is daar niks wat ons minder gewillig is om te doen as om ons eie goeie werke vaarwel toe te roep en God se werk te eer nie. (Inst. 2,3,9)

# LEWENSGEVOEL

***Ek kan nie anders nie as om die Here te dank vir chemiese middels wat angs wegneem.***

Wat is die lewensgvoel van die Christen? Of moet mens vra: Wat moet die lewensgevoel van die Christen wees?

Daar is seker nie net een soort Christen nie. Daar is tog nie net een soort mens nie. Verskillende mense voel verskillend. Sommige word maklik bang. Ander is gespanne. Nog ander sê hulle is vol lewensvreugde.

Tog sê die Bybel ons almal voor ook hoe ons moet voel. Die Bybel sê ons moet veilig voel. Ons is in God se veilige hande.

Miskien is die woorde wat die naaste daaraan kom om 'n lewensgevoel te beskrywe, die woorde dat ons vrede met God het. Vrede word ons toegesê, geskenk.

Dit is 'n vrede wat alle menslike verstand te bowe gaan. As ek reg verstaan, gaan dit ook alle menslike gevoel te bowe. Die vrede van God troos. Dit word geskenk aan alle soorte mense — ook vreesagtiges; ook dié wat angs weens druk nie afgeskud kan kry nie.

As hulle glo, het hulle vrede met God — midde in die verskrikkinge van hierdie lewe.

Ek wil nie chemiese verslawing goedpraat nie. Ek het net die behoefte om mense te troos wat maar nie sonder lexotans kan klaarkom nie.

Ek ken 'n meisie — weet net van haar — wat 'n genie is. Sy moet elke uur onder verdowing gehou word anders pleeg sy selfmoord. Sy kan die geweld van die werklikheid nie verduur nie. Ek vermoed daar is meer soos sy.

Daarom kan ek nie anders as om die Here te dank vir chemiese middels wat angs en vrees wegneem nie; dat dit nie meer nodig is om kranksinniges in ysterhokke toe te sluit nie. Ek dink die vrede van God het in 'n vreemde vorm deur die wetenskap ook by die ongelukkigste mense uitgekom.

Ek wil nie chemiese verslawing en aanhanklikheid goedpraat nie, maar ek kry elke mens innig jammer wat daarmee en met die lewe worstel.

Ek wens dat ons in 'n lewe kon lewe waar die hele atmosfeer vol is van die vrede van God. Ek wens dit was duskant die graf ook al moontlik.

---

## Calvyn e.a. oor Rom. 7

Wie anders sal so 'n geweldige stryd in homself voer as 'n man wat, herskep deur die Gees van God, die oorblyfsels van die vlees saam met hom dra? (Inst. 2,3,27) En Luther: Net 'n geestelike mens kan sê: "Ek, ellendige mens..." Maar Arminius sê: "Die man oor wie die apostel handel in hierdie gedeelte, is 'n onwedergebore mens, nie onder die genade nie, maar onder die wet."

## Beste Skrifgedeelte

Die beste Skrifgedeelte van almal om die regverdigmaking te staaf, is 2 Kor. 5:18—20 waar die apostel sê die essensie van die evangelieboodskap is om ons met God te versoen, aangesien God gewillig is om ons, danksy Christus, in genade aan te neem, en ons sonde nie meer teen ons te hou nie. (Inst. 3,11, 4)

# *BESOEK AAN 'N PSIGIATER*

Ek het 'n psigiater gaan sien.

Voorheen het ek ook een gaan sien, maar dit was 'n fiasko. Die man het blykbaar moeilikheid by die huis want hy was so gepreokkupeerd dat ek na elke vraag sy aandag daarop moes vestig dat ek klaar gepraat het. Dan kan hy nie dadelik aan 'n vraag dink nie, en hy sê iets soos "ja, en verder?"

In die derde sessie het ek hom gevra wanneer hy gaan ophou vra en begin sê, toe sê hy: "hûh?" En toe sê ek vir hom as hy nie nou iets begin sê nie, gaan ek hom 'n rekening vir my outobiografie stuur. Dit was geen skade dat ons dit daar beëindig het nie, want my moeilikheid was ten slotte eenvoudig: Ek was so opgewonde oor die nuwe gemeente dat ek snags nie kon wag dat dit dag moet word nie.

Maar die tweede psigiater is 'n perd van 'n ander kleur.

Hy het my absoluut geskok. Hy kon my ook nie help nie, maar dit was skokkend anders as wat ek gedink het hy nie sal kan nie.

> ***Dis tog wonderlik hoe iemand iets reg kan doen en sien terwyl sy teorie daaragter heeltemal verkeerd is.***

Ek het hom gaan vra hy moet my help dat mense meer van my hou, want daar is mense wat sê ek maak te veel mense kwaad. Ek het ook vir hom gesê ek wil nie graag verander nie, want as fools van my begin hou, sal dit my einde wees, en toe koes ek.

Toe slaan hy my uit. Met 'n steelhou van die verkeerde kant af.

Hy sê: wil jy Christus verloën? Hy het gesê Hy het nie gekom om vrede op die aarde te bring nie, maar stryd. Wil jy ontrou aan Hom en aan jouself wees? Ek sê maar iemand sê vir my...

Hy sê: Rubbish! (Sy ma is Engels.) Hy sê sê wat op jou hart is en dra die konsekwensies for better or worse. Bly by die waarheid, dan sal ander mense die konsekwensies dra, en dit sal hulle goed doen. Jy het 'n beroep gekies waarin 'n mens net gewild kan wees as jy jou plig versuim. Wat help dit jy werk met mense en hulle dink jy stem met húlle saam? Dan behoort hulle jou af te dank. Jy is daar om hulle te verander, en hoe duideliker hulle dit agterkom, hoe beter.

Hy het sweerlik Frankl gelees. Dat hy weet van Ayn Rand se Virtue of Selfishness het hy self gebieg.

* * *

Dié psigiater is werklik 'n uitgesproke Christen. Maar dis tog wonderlik hoe iemand iets reg kan doen en sien terwyl sy teorie daaragter heeltemal verkeerd is. Soos ons bediende wat gesê het dis nie 'n brulpadda nie, dis die droë drein wat die water soek.

Die dokter glo naamlik dat die wetenskap bewys het dat God die mens met gebreke geskep het. Daarom moet en mag jy jouself wees, want God het jou so gemaak. Hy sou 'n goeie Katoliek gewees het, soos derduisende van ons lidmate. Ek kan nie dink waar Christus dan inkom nie.

En tog is hy 'n uitgesproke Christen wat sê dat God ons liefhet. Ek dink as hy nie dink nie, voel hy soos Paul Tillich wat sê ons het 'n courage to be omdat God ons in Christus aansien vir wat ons nie is nie.

---

## Genadedade

Aangesien die hele Bybel sê dat ons geloof 'n vrye gawe van God is, impliseer dit dat wanneer ons, wat van nature met ons hele hart geneigd is tot die bose, begin om die goeie te wil doen, dat ons dít doen uit louter genade. (Inst. 2,3,8)

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988*

# DIE APOSTEL

**Matt 8:28-34; Mark 5:1-20; Luk 8:26-39**
*Luk 8:39: "Gaan terug na jou huis toe en vertel alles wat God vir jou gedoen het."*

Die gebeurtenis aan die oorkant van die meer, die See van Galilea, is in vele opsigte 'n skokkende herhaling van wat duskant en op die see met Jesus gebeur het.

Die skare glo nie in Jesus nie, nie regtig nie, al vertrap hulle Hom uit nuuskierigheid, en Hy verlaat hulle met leed in sy hart om alleen te wees. Dan val die see Hom aan, sy dissipels beskuldig Hom van ongevoelige pligsversuim, en as Hy die see oorwin en stilmaak, luister die see, maar sy dissipels *vrees* in plaas van om te glo. Die wind en die water gehoorsaam Hom, maar die mense nie. Die mense vra: Watse mens is dit dié?

> *Aan die oorkant van die meer is wel geen mense nie, maar die plek is verpes van die duiwels.*

En dan land die bootjie oorkant — in 'n streek wat hoofsaaklik heidens was — en 'n kranksinnige duiwelbesetene (of twee) storm Hom tegemoet. Dít is die verwelkomingskomitee. Geen heilbegerige skare nie — dié het ons skaars verwag — maar 'n legioen duiwels. ('n Legioen Romeinse soldate was 6000.)

Hy ontmoet geen salige stilte om in te rus nie. Hy word ontmoet deur die duiwel self.

* * *

Dit is 'n vreemde en verskriklike verhaal.

Die man, afkomstig van die naaste dorpie, dwaal tussen die grafgrotte teen die berg se hang. Hy is heeltemal nakend. Hy skree dag en nag tussen die grafte en die berge as hy aanvalle kry. As hulle hom probeer bedwing, ruk hy die boeie stukkend, of skuur dit teen die klippe deur, of kap dit af met klippe en beseer homself in dié proses. Dit is 'n skrikwekkende beeld, 'n tafereel uit die hel — wat maak dat niemand dit meer daar waag nie.

Dít is dan die stilte wat Jesus tegemoetgaan. Daar is wel geen mense nie, maar die plek is verpes van die duiwels.

* * *

Maar dan gebeur seker die skokkendste van alles in die huidige episodes met die lydende Christus.

Die duiwels glo...

Die mense glo nie, en hulle bely nie, maar die duiwels glo. Hulle begin skreeu: "Wat het U met ons te doen, Seun van God? (Matteus), Seun van God die Allerhoogste?" (Markus) Dis koggelklanke uit die hel. Die mense glo jou nie, wat kom maak jy nou by ons? Kom soek jy geselskap? Wyk Christus! Jy't niks met ons te maak nie. Gaan red die mense!

Die mense sal jou tog nie glo nie.

Eintlik is dit die *man* wat dit skree. Was Jesus nie God self nie, kon Hy, soos die Gadareners, die man in sy hel gelos het. Die man is tog 'n mens, deel van die geslag wat die Christus wil kruisig.

Maar Jesus doen dit nie. Die man vra nie sy hulp nie, inteendeel, hy vra Jesus om hom nie verder te martel nie; net nou kry hy weer 'n aanval. Gaan tog net weg. Los my tog net alleen.

Maar Jesus doen dit nie. Ondanks alles wat gebeur het, beveel Hy die duiwels om die man te verlaat.

En dan word die verhaal net al kranksinniger.

Die duiwels pleit by Jesus. Die duiwels bid. Hulle soebat. Markus sê hulle vra om in die landstreek te bly, en Lukas sê hulle vra dat Hy hulle tog net nie na "die onderaardse diepte", die onderwêreld, die verdoemenis — waar duiwels hoort — moet stuur

nie. Matteus sê hulle het geskreeu: "Wil U ons voor die tyd kom pynig?" Ons weet ons hoort in Hades, in Gehenna, maar dis tog nog nie die oordeelsdag nie?

Dis 'n verhaal wat my pen nie kan skryf nie. Dis 'n wêreld wat ons liewer nie wil ken nie, waarvan ons wegbly — soos van Weskoppies, Witrand en Blymoedig. Sesduisend duiwels saamgekoek in één armsalige mens wat nakend dag en nag skreeu tussen die berge en die grafte en die varke.

> ***Die skokkendste gebeurtenis in die hele episode is dat die see en die duiwels glo en die mense nie.***

Maar Jesus deins nie terug nie. Die eensame, miskende, lydende Jesus. Selfs nie as dit lyk asof Hy die duiwels effens jammer kry nie. Soos in die woestyn, met die duiwel alleen, weerstaan Hy die duiwel. Al verwerp die mense Hom, en al sien Hy die kruis op Golgota staan, Hy bly die kant van die mense kies.

Hy vra sag: "Wat is jou naam?"

En die man stotter "Legio"; legioen — daar moet 6000 duiwels in my wees. Dalk het 'n kommentator dit reg as hy sê: "the immediate recognition of Jesus as a God-like person, reveals a sensitive, finestrung mind wrecked by insanity."

En as die duiwels besef dat Jesus by sy sending bly, vra hulle toestemming om in 'n trop varke in te vaar. Tweeduisend varke sal tog plek hê vir 6000 duiwels wat uit één mens uitkom?

En Jesus laat dit toe.

"Gaan", sê Hy.

Onontwykbaar is die indruk dat die Seun van die genadige God selfs 'n stukkie genade beskikbaar het vir gevalle engele. Hy gee gehoor aan hulle gesoebat, en hulle vaar die varke in. Maar die varke vaar die see in en versuip, en dit lyk of die verhaal wil sê: Die duiwels versuip saam met hulle. Jesus, die Seun van die mens, is die Redder van *die mense.*

* * *

En weer eens, soos toe Jesus die woeste see bedwing het, vra ons: Wat doen die mense as hulle hierdie skouspel sien? Sal die mense hulle Redder eien? Sal die mense glo? Sal die mense glo en bely: U is die Seun van God, die Allerhoogste? Sal hulle tot hulle sinne kom as hulle die duiwelbesetene tot sy sinne sien kom en hom kalm by die voete van Jesus sien sit? As hulle die duiwels sien glo, en sien sidder van angs? (Jak. 2:19)

Nee. Die varkwagters hardloop weg. Hulle hardloop dorp toe.

Dan kom die héle dorp se mense (sê Matteus), en dié van die plase af, om te kyk wat gebeur het. Of dit waar kan wees wat die varkwagters vertel.

En hulle sien die ontembare man by sy volle verstand, en nie meer nakend nie, by Jesus sit. Hulle sien die Godswonder. Hulle hoef nie op hoor-sê te oordeel en blindweg glo nie. Hulle sien.

> ***Sal hulle tot hulle sinne kom as hulle die duiwelbestene tot sy sinne sien kom en hom kalm en gekleed by Jesus sien sit?***

Maar hulle glo nié. Vir hulle is selfs sien nie glo nie.

Die evangeliste sê hulle het gevrees — nie geglo nie — en al drie die evangeliste skryf die smartlike woorde neer: Hulle het Jesus ernstig gevra om asseblief hulle gebied te verlaat.

Of dit waar is dat hulle dit doen omdat hulle hulle varke verloor het, soos sommige meen, weet ek nie. Vir my lyk dit eerder na gewone bygelowige en ongelowige vrees. Feit is hulle stuur Hom weg. Hulle wil Hom nie hê nie.

Dit is die reaksie van die mense.

En dít is die lot van Jesus. Hy word van bakboord na stuurboord gestuur. Hy is onwelkom. Hy dryf die duiwels uit, maar die mense dryf Hom uit.

Dit is die sonde van die mense.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988*

Dit is jou en my sonde — as jy dit ernstig bedoel om jou in die lig van die Woord 'n sondaar te noem. Jesus is nie welkom by ons nie. Want dan kan ons nie meer haat en skinder en seermaak en neersien op mense wat nie ons stand is nie; wat tussen die grafte en in die krotbuurtes woon.

* * *

En wat is Jesus se reaksie?

Hy gaan weg.

Hy het pas aangeland, pas voet aan wal gesit. Maar Hy gaan weg. Hy vra nie vergoeding nie, en verwyt hulle nie hulle hebsug nie. Hy gaan weg. Hy gaan voort op sy lydensweg — wat al méér onkeerbaar op Golgota afstuur.

> *Die evangelie sit in die feit dat Jesus — ondanks die houding van die mense — 'n evangelis agterlaat; nié in die lessie dat ons ook so moet maak nie.*

En tog laat Hy hulle nie in die steek nie.

As Legio, wat nou weer Een en heel is, vra om saam te gaan — waarskynlik omdat hy bang is die duiwels kom weer terug — maak Jesus voortydig van hom die eerste apostel. Nee, bly jý hier. Vertel jý vir die mense van die genade van God.

Kyk, God het jou gered toe jy nog sy vyand was. Hy het jou jammer gekry. Hy het jou nie verwyt dat jý die duiwel nie self kon weerstaan nie. Gaan vertel dit vir die arme mense wat nie weet wat tot hulle saligheid dien nie.

Want God laat Hom nie verdryf nie. God is liefde; al blaak die hel van woede.

# Goeie werke

Sommige mense is besig omdat hulle werk en sommige is nog besiger omdat hulle die probleme moet hanteer wat veroorsaak is omdat hulle nie gewerk het nie.

# Die oordeel van die liefde

"A man of science can't be worried with the practical details of life."

(Madame Bovary — Gustave Flaubert)

And he felt relieved by this comfortable reflection which gave his weakness the flattering appearance of higher preoccupation.

# Waarom predikant?

Johannes en Marianne Nicol vra tydens huisbesoek hoe dit gekom het dat ék predikant geword het? Klaarblyklik omdat dit 'n saak is wat nie met die eerste oogopslag duidelik is nie.

"Ek was nog baie klein, toe hoor ek van die uitverkiesing; en dadelik het ek geweet ek is nie uitverkies nie. Met mý geluk sal ek verseker nie uitverkies wees nie.

"Toe dink ek: As ek nou 'n predikant word, mag dit dalk net wees dat die Here 'n uitsondering maak en hierdie onveranderlike besluit wysig. Vir 'n predikant..."

"Vir ou Manie", sê Annatjie.

Ja, en toe ek uitvind hoe verkeerd my redenasie is, was ek al byna 'n predikant, en nou kan ek niks anders meer wees nie. Dis dié dat ek so woedend word as mense die uitverkiesing gebruik om mense bang te maak, of as mense dit vrees. Die uitverkiesing is ons diepste troos.

En dan is daar mense wat dink ek het nog nie tot bekering gekom nie.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988*

# DAAR KOM DIE WA

Studiegedeelte: Hoogl. 6:4–13

**6:12: "Dit is of sy my laat ry op die strydwa van die keur van my volk."**

*Alles klop hier so mooi met ons (onbewysbare maar aantreklike) hipotese.*

Toe Salomo geskryf het dat Abisag so mooi soos Tirsa is (v.4), het hy sekerlik nie kon vermoed dat hierdie mooi stadjie, 10 km oos van Samaria, onmiddellik na sy dood die hoofstad sou word van die afgeskeurde Noordelike Ryk nie. (Vgl. 1 Kon. 14:7) Só maklik word een skoonheid vir 'n ander verruil. Dan kan Abisag ook so aantreklik soos Jerusalem wees, maar Tirsa en Jerusalem gluur mekaar straks aan soos aartsvyande, afdeling teenoor afdeling, vaandeldraer teenoor vaandeldraer. (vgl. v. 4b)

Dat Salomo onmiddellik na hierdie vergelyking sê haar oë maak hom onrustig (v.5), is genoeg om 'n mens byna bygelowig na dié woorde te laat kyk. Sou daar in haar oë die duister vermoede van die onheil geskuil het?

Natuurlik is dit nie Salomo se bedoeling nie. Hy sê maar net, wat ons almal weet, dat haar oë nie flets en dof is nie; dat sy met één kyk van haar helder oë die emosie onrustig in hom laat opbruis.

Van 5b af tot 7 het ons presies 'n herhaling van gedeeltes van 4:1b–3. Sou dit 'n refrein wees wat lekker rol op Hebreeuse lippe? 'n Koortjie. Dis tipies van 'n gedig en 'n lied.

En dan sing Salomo ook van die harem. Hy beaam die triomf van Abisag. Die vrouens wat op haar neergesien het as die plaasmeisie uit Sunem wat koning Dawid moet verpleeg, wat dalk ook geskimp het dat sy meer probeer doen as om net by hom te slaap – dáárom teken die geskiedskrywer uitdruklik aan dat die koning geen gemeenskap met haar gehad het nie – dié vrouens sing nou verleë, en kamma grootmoedig, haar lof.

Dat Salomo verwys na sestig koninginne en tagtig byvroue met nog jongmeisies sonder tal, is vir sommige eksegete 'n probleem. Daar was tóé nie sestig koninginne nie. Rehabeam, die Judese opvolger van Salomo, het maar agtien vroue en sestig byvroue gehad. (2 Kon. 11:21) Die eksegete sê Salomo oordryf.

Miskien oordryf Salomo nie. Miskien profeteer hy. Sestig is baie minder as sewe honderd en tagtig as drie honderd.

Salomo stel dit egter, vir die huidige altans, bo alle twyfel: Abisag, die enigste dogter van haar moeder, haar moeder se oogappel, is ook sy enigste en unieke. Sy duif, sy volmaakte. (v. 9)

Daarmee verraai hy op 'n vreemde manier ook die harem wat hy geërf het. Later sou hy Abisag, hierdie enigste dogter, weer verraai en verloën met elke byvoeging by die harem.

* * *

Wat sing die harem?

Salomo sê hulle vergelyk sy bruid wat triomfantelik van die noorde af terugkeer, met die opkomende son en die melkwit maan, en, soos hy, met 'n indrukwekkende afdeling vaandeldraers. (v. 10)

Die Afrikaanse Vertaling hou die bruidegom daarna (v. 11) aan die woord, maar miskien is dit Abisag wat nog eens die vreugde en die leed van vroeër in herinnering roep. "Ek kon nie anders nie as om te dink dat ook hiérdie lente my weer sou bind aan die werk in die veld. Maar toe kom die koninklike stoet met die wa daar aan om my te kom haal!" Dan sou ons (soos Thilo) vers 12 ongeveer só kon vertaal: "Ek het nie die vaagste vermoede gehad dat u my op 'n wa sou laat haal nie, my edele volk." Aalders is so verbysterd deur die onverklaarbaarheid van hierdie woorde dat hy dit wil weglaat, en Kroeze wonder of die rit op die strydwa nie die verrukking van die liefde is nie.

Al hierdie gissings is tog veel minder oortuigend as ons raaiwerk.

Alles klop hier so mooi met ons (onbewysbare maar aantreklike) hipotese: Abisag wás in die stad; na die politieke hofmakery van Adonia, en sy teregstelling, het sy huis toe gevlug. Toe het Salomo haar gaan haal, en via 'n wittebrood in die Libanese berge, is hy op pad terug na Jerusalem. Op die horison verskyn hulle nou soos die opkomende maan of son en die vroue van Jerusalem — wat die geselskap 'n week of drie gelede sien vertrek het (en geraai en geskinder het) sing nou (v. 13): "Kom terug dat ons jou (weer) kan sien."

Die Ou Afrikaanse Vertaling laat die Hebreeuse woord "maganajim" onvertaald. Dit is die naam wat Jakob in Gen. 32:2 gegee het aan die plek waar hy engele van God teëgekom het. "Maganajim", het Jakob gesê, "want dit is 'n leer van God". Dit is 'n meervoudsvorm wat baie na verwant is aan die Hebreeuse woord wat "leër" beteken, en die meervoud kan ook met "twee leërs" vertaal word.

Wat maak 'n mens hiervan uit?

Ek weet nie, en ek weet nie van iemand wat weet nie.

Daarom raai ek maar ongeveer agter die Hollandse kunstenaar Anema aan. Abisag verwoord die skindertaal van die vroue. Sy besweer dit deur dit self te sê.

"Wat wil julle sien?" Julle skimp dat ek by twéé leërs dans? (13c) Eers by die vader (Dawid) en nou by sy seun?

Wel, dit is my roeping. By die gryse ou vader was ek 'n nederige diensmeisie-verpleegster, maar nou is ek 'n koningin.

---

## Wie wen?



In die hardeware-winkel:
"Jy weet, ek werk mos teen die duiwel."
"Wie wen?"
"Soms dink hy hy wen. Maar ek het 'n boek wat sê sy dae is getel."

# VÓÓR EN NÁ PINKSTER

'n Leraar het 'n baie mooi preek gehad oor Jes. 6, waarin hy paslik aangesluit het by Matt. 13. Soos vir Jesaja het God Jesus vir die mense laat preek dat hulle sal hoor, maar nie verstaan nie en sal kyk, maar nie sien nie. Jesus moes dít ook vir hulle sê, en die gevolg was dat hulle inderdaad hulle ore en hulle oë toegedruk en Hom gekruisig het.

Toe opper die prediker 'n punt in die verbygaan — sonder om dit in besonderhede te beredeneer — waaroor ek ook al gewonder het. Hy sê ná die kruis stuur God sy mense (soos die ouderlinge) na mense toe wie se oë en ore nié toe is nie. Dit is nou anders.

> *Is die mense ná Pinkster anders as die hardkoppige ongelowiges vóór Pinkster?*

Ek kan nie daarvoor instaan dat ek hom presies reg aanhaal nie, so ek neem liewer die argument en beredenering vir my eie rekening oor.

Dat dit ánders is, veral na Pinkster, is sonder meer uit die Bybel al duidelik. Want waar die Vader vroeër eeue met ons gepraat het maar net deur die profete, het Hy in die laaste dae tot ons gespreek deur die Seun. (Heb. 1:1) En dieselfde Hebreërbriefskrywer sê ons het nie (maar net) gekom by die angswekkende brandende berg vol trompetgeskal en geklank van woorde nie, maar by Jesus die Middelaar van die nuwe verbond. (12:18,24)

Dit is dus anders. Dis ongetwyfeld ánders. Soos wat die sonde hand oor hand toegeneem het, het die genade ook progressief vermeerder; selfs nie pro rata nie, maar buite verhouding.

* * *

Maar nou bly dit 'n vraag, nie net interessant nie, maar ook uiters belangrik vir kerk en prediking: is die mense se oë en ore nóg toe? Stop hulle hulle ore nog toe?

Ek dink die antwoord is ja. Daarom word Jesaja 6 ook aan die einde van Handelinge (ná Pinkster) herhaal.

Die mense het nie verander nie. Hulle, ons, is steeds sondaars. Sondaars van die eerste rang.

Maar die genade-evangelie het soveel sterker en skerper geword, selfs soos 'n tweesnydende swaard. Mens sou selfs kon sê: die evangelie het verander. Die mense nie, maar die evangelie wel.

Anders gesê: Die mense word nie nou met sagter harte gebore nie. Of: die mense word nie nou, ná Pinkster, op 'n mistieke manier — in hulle slaap of buite hulle weet om — deur die Gees verander sodat hulle die woorde van God nou aanvaarbaar vind, dieselfde woorde waarvoor hulle vroeër hulle ore toegedruk het nie.

Wat wel gebeur, is dat die kruisevangelie wat vertel hoe dat God ons skuld by ons oorgeneem het, die dowe ore laat hoor en die blinde oë genees. Die evangelie self. Die Gees deur die Woord.

Só gesien, word die prediking van die evangelie iets geweldigs. Dit word 'n herskeppingswoord wat sterker is as selfs die skeppingswoord. Dit gee 'n krag aan die verkondiging van die Woord wat geen boeteprediking ooit kan hê nie. En dit gee die prediker oneindig baie moed om nie moedeloos te word as die mense (aanvanklik) die gesonde leer nie wil verdra nie; selfs as die mense verhard, móét die leraar volhard.

KORRESPONDENSIE

# OPSTAND TEEN GOD

***Kan u dalk in 'n artikel riglyne gee oor die hantering van 'n tienerseun wat skaam is vir sy sussie, 'n Downs Sindroom-kindjie? Ek vra dit namens 'n vriendin, maar wil self ook graag weet: hoe gemaak met die sonde van opstandigheid teen God? Mag 'n mens vir iemand wat beproef word, sê: jy mág maar kla, maar gaan kla dan by God? Hoekom verwag ons van sondige mense 'n Jobs-houding van "Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here..." terwyl niemand van ons dit tog regtig kan regkry nie — selfs nie eens Job op die lange duur nie? Is intensiewe — selfs langdurige — worsteling met God (wat natuurlik baie opstand bevat) dan nie produktiewer en positiewer as 'n lydelike en passiewe poging tot aanvaarding nie?***

***Of wil ek nou van opstand teen God 'n deug maak? Help asseblief!***

***BG van Alberton***

ANTWOORD AAN BG VAN ALBERTON

Ek sou my nie te veel ontstel oor die verleentheid van die tienerseun nie. Het hy nie so 'n sussie gehad nie, sou hy iets anders van sy ouers gevind het om hom oor te skaam.

Wat meer kommer baar, is as ouers nie wil vrede maak met 'n gestremde kindjie nie. Ek kan daaroor praat, want ek weet hoe swaar dit is — ses jaar voor jy dit glo. Maar jy móét daarmee vrede maak. As jy hierdie skokkende abnormaliteit as normaal aanvaar en nie as 'n skande wat verberg moet word nie, staan jy verbaas oor die vreugde wat dié mensie meesal in jou en in baie se lewens bring.

Dit hou verband met die vraag oor opstand teen God in beproewing.

Daar bestaan inderdaad die gevaar dat 'n mens van opstand teen God 'n deug kan probeer maak. Jy kan in ieder geval nie iemand aanspoor om opstand teen God as 'n kuur te probeer nie.

Wat ek dink 'n trooster moet doen, is om die trane en gebrokenheid te aanvaar, en daar ruimte voor te maak. Laat die bedroefde met Gód praat oor sy leed. Sê: "Here, ek weet dat U oor alles ten goede beskik, maar ek is maar net 'n mens, en ek is bitter seer. Troos my asseblief."

En dan, nie te haastig en uit die hoogte nie, en in die regte toonaard, kom die troos uit die Skrif: Heb. 12, Joh. 16:33 ens. Die diepste troos lê daarin dat die leed vir die kind van God genade word. Sy pyn word bewys van God se liefde. Vir die wêreld is dit opperste dwaasheid; vir ons wat gered word, is dit die wysheid van God.

# NGKA wil sy bande met die ANC behou

Beeld 20.2.88

DIE NG Kerk in Afrika (NGKA) het met sy besoek aan die African National Congress (ANC) in Lusaka besluit om kontak met dié organisasie te behou en om nog ontmoetings te reël.

Op sy besoek – die kerk se eerste aan die ANC – het die afvaardiging van die NGKA ook die wens uitgespreek dat die vrylating van die ANC-leier Nelson Mandela as 'n "belangrike verantwoordelikheid" beskou moet word.

Die NGKA het Woensdag en Donderdag met die nasionale uitvoerende komitee van die ANC in Lusaka samesprekinge gevoer.

Die NGKA se afvaardiging het bestaan uit ds. Sam Buti, moderator van die NGKA, ds. M.M. Maphoto, assessor, ds. M.F. Pikoe, skriba, en dr. Nico Smith, aktuarius.

In 'n verklaring wat gister deur die NGKA in Johannesburg uitgereik is, sê ds. Buti die NGKA-afvaardiging het in Lusaka verduidelik dat die Kommissie vir Geregtigheid, Versoening en Vrede van die NGKA die taak op hom geneem het om die ANC te ontmoet.

Die doel is om onder meer saam te werk om die voortslepende geweldpleging in Suid-Afrika te beëindig deur van apartheid ontslae te raak.

Die ANC het die ondernemingsgees van die NGKA verwelkom en sy dankbaarheid oor dié eerste ontmoeting tussen die twee uitgespreek.

Die twee organisasies het besluit dat dit nodig is dat die "Pretoria-regime" 'n klimaat skep wat onderhandeling moontlik maak.

"Die doel van dié onderhandelinge moet die skep van 'n gemeenskap sonder apartheid wees en 'n sosiale orde wat vir alle mense van Suid-Afrika aanvaarbaar is."

Daar is ook besluit dat alle mense 'n belangrike verantwoordelikheid het om hulle vir die volgende te beywer:

- Die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes en aangehoudenes;
- Die tersydestelling van die doodsvonnis vir die sogenaamde Sharpeville-ses en ander mense; en
- Die beëindiging van die tragiese toestande in Pietermaritzburg.

Ek het die kerksakeverslaggeefster van Beeld gebel oor die berig wat hiernaas afgedruk is en haar gevra of sy 'n benul het hoeveel moeilikheid dit in 'n gemeente kan veroorsaak. En of sy weet wat die verskil tussen bande en kontak is.

Haar verweer is dat sý nie die koppe skryf nie en dat mense hulle nie aan koppe steur nie. Die waarheid van die eerste is aan my bekend, maar die tweede is joernalistieke snert.

Die waarheid is dat die NG Kerk in Afrika uitgesproke teen geweld is en kontak met die ANC behou om dié militante organisasie te probeer oorreed om wel vir hervorming, maar dan sonder geweld te werk.

*Die 17de aflewering in die reeks oor die vier evangelies chronologies gerangskik.*

# DIE DOPELING

Studiegedeeltes: Mark. 1:9–11; Matt. 3:13–17; Luk. 3:21–22

***Matt. 3:14,15: "Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: 'Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na my toe?' Jesus het hom geantwoord: 'Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen'."***

En dan tree Jesus na vore. In dáárdie tyd. D.w.s. in die tyd van die opskudding wat die Doper veroorsaak. Jesus word nie gesoek en ontdek nie, Hy tree na vore; Hy maak sy publieke verskyning wil die Griekse woord sê.

En sy eerste daad is 'n doopversoek.

Dit is in beginsel net so merkwaardig soos die redding wat Hy met 'n kruis bewerkstellig het. 'n Mens red nie met 'n galg nie. Jy straf daarmee. 'n Mens red met 'n reddingsgordel, of met 'n swaard.

Maar Jesus red met 'n kruis, en met sy dood, en in die skaduwee van dié kruis vra Hy die bekeringsdoop aan. Sy versoek is ook alleen in die lig van die kruis van sy lyding te verstaan. 'n Mens wat Jesus se doop interpreteer as 'n voorbeeld vir ons om ook groot gedoop te word, verstaan waarlik nie waaroor dit gaan nie. Hy verstaan minder as Johannes die Doper, en dit ondanks die feit dat ons die einde van die verhaal ken, wat Johannes nie geken of gesien het nie.

Dat Johannes nie verstaan het nie, is duidelik. Hy probeer dan selfs die doop verhinder. Hy sê: U moet mý doop. In die Grieks word die "ek" oorbeklemtoon. *Ek* Heer, ék is die een wat gedoop moet word.

Want die doop is 'n reiniging. 'n Vuil mens klim die water in, en die water spoel oor hom, en 'n skoon mens klim daaruit. Alles spreek van die dopeling se desperate begeerte om vóór te begin, 'n nuwe lewe, om die verlede te vergeet en Dooie See toe te laat spoel. Dit is tog waartoe die Doper uitgenooi het: Kom, begin 'n nuwe lewe, die koninkryk van die hemel het naby gekom.

En hier kom Jesus, die sondelose, die hoop van Israel, die Messias. En Hy wil gedoop word.

Dit moes vir Johannes 'n skokkende ervaring gewees het. Miskien dieselfde soort ervaring wat Judas later sou hê (en Petrus): die man op wie ons gehoop het, is nie 'n generaal nie, hy is 'n swakkeling; nie 'n leeu nie, maar 'n lam. Miskien het sy vraag van later, uit die gevangenis, of Jesus die Een is wat sou kom, hier al begin wortelskiet.

> ***Die doopversoek van Jesus is net so merkwaardig soos die redding wat Hy met die kruis bewerkstellig het. 'n Mens red nie met 'n galg nie, jy straf daarmee.***

Maar Jesus volhard in sy voorneme. Ja, sê Jesus, Ek weet en verstaan hoe jy redeneer, maar wat nóú belangrik is, is dat ons die wil van God doen.

Wat is die wil van God?

Die wil van God is nie dat mense 'n stelletjie reëls moet nakom sodat God in staat sal wees om hulle genoeg punte te gee, sodat hulle die eksamen kan deurkom om in die hemel te kom nie. Soos byvoorbeeld dat hulle groot gedoop moet word nie. Die wil van God is dat die mense nie moet verlore gaan nie. Want God is liefde. Liewer as dat die mense verlore moet gaan, gee God sy eniggebore Seun, sy

enigste Seun, om hulle te red. God skeur dus sy hart, Hy skeur sy Seun uit sy hart, en laat Hóm hel toe gaan, eerder as die mense.

En die Jongman, Jesus van Nasaret, weet dit. Daarom gaan Hy na Johannes toe en laat Hom publiek verneder tot 'n sondaar. Hy hét sonde — sê sy daad — die ménse se sonde. Dit is deur God op Hom gelaai. (Jes. 53:5) Hy is 'n slaaf van die sonde. Meer akkuraat: Hy is 'n slaaf van die mense; Hy dra hulle sonde.

*By die bekeringsdoop spreek alles van die dopeling se desperate begeerte om vóór te begin — om die verlede te vergeet en Dooie See toe te laat spoel.*

En dan skeur die hemel oop.

Die hemele kan nie die redding van sondaars aanskou en swyg nie. (Later wel, as Hy die hel moet deur.) As Jesus die vrederaad van die Vader begin uitvoer, skeur die hemele, soos die hart van die Vader, vir die mense, sy kinders wat dood was en wat nou weer sal begin lewe.

En die Heilige Gees daal neer, sigbaar, beliggaam in 'n duif, die simbool van die hoop van Israel en die nuwe aarde wat op Noag wag.

Wat dit alles beteken, gaan my verstand te bowe, maar dit lyk asof God in sy liefde aan Jesus 'n teken gee, 'n sakrament. My Gees *is* in Jou. Jy misreken jou nie. En daarom ook die stem uit die hemel. Dit *is* my geliefde Seun. Hy doen my wil. Hy gee my vreugde — want wat Hy nóú doen, dít is my wil. Luister na Hom.

Dat Jesus God én mens was, is 'n misterie. Elke poging om dit enigsins deursigtig te maak, is tot mislukking gedoem. ("Daar was al mense wat probeer het om uit die evangelies aan te toon hoe Jesus langsamerhand van sy roeping bewus geword het. Van hierdie pogings het nie veel gekom nie. Die tyd van Jesus se voorbereiding lê agter die evangelies — vir ons in die duister. Ons sien God meesal nie in sy werksplek werk nie. Hy verras ons as Hy gereed is." (Noordmans, V.W. 8, 63)

Al wat ons kan doen, dink ek, is om ons te probeer indink, naastenby, hoe Hy dit as *mens* ervaar het, as ons Oudste Broer. Dertig jaar van weet en wag. Van geroepe voel om te sê: Ek en die Vader is één. Vandag is die Skrifte in julle ore vervul. Ek is waarlik die Een wat sou kom. En dan die stem uit die hemel: Jy is! Jy is!

En daarna die woestyn.

Onthou: Jesus was nie 'n robot nie. Hy was 'n mens, met angs en pyn, selfs met geloof. Hy was ook God, maar God is ook nie 'n robot nie. Dan sou Hy Hom nie oor die huis van Israel kon bekommer het en berou kon hê oor die onheil nie. (Heb. 2:16; 2 Sam. 24:16)

*Die wil van God is nie 'n stelletjie reëls nie, die wil van God is dat die mense nie verlore moet gaan nie.*

As ons dít onthou, snak ons na ons asem as Jesus gedoop word. Ons gryp nie mense daarmee aan die keel nie.

* * *

Waar sondaars vergader (om gedoop te word), dáár tref ons Jesus dus aan. Dit is waarvoor Hy gekom het — vir dié wat die geneesheer (heiland) nodig het. Onder dié wat daar staan, is egter ook sommige wat hulle nie laat doop nie. Hulle laat Johannes maar preek tot hy blou word, maar van hulle sonde gaan hulle nie (probeer) afsien nie. Daar is ook die Fariseërs wat meen dat hulle die bekering nie nodig het nie.

*Ons sien God meesal nie in sy werksplek werk nie. Hy verras ons as Hy gereed is.*

Maar Jesus, wat dit nie nodig het nie, gaan. Hy laat Hom doop vir húlle sondes ook. Want Hy behoort aan 'n koninkryk waar daar 'n onderskeid bestaan tussen wat "moet" en wat "betaam".

As 'n mens aan hiérdie koninkryk behoort, staan jy nie meer op jou regte nie.

En uit die hemel beaam die Vader dit. Dít is die grondreël van sy koninkryk — want Hy is volmaak. Hy laat die son skyn en Hy laat reën oor regverdiges én onregverdiges.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988*

*KORRESPONDENSIE*

# DWALING EN KEURING

***Ek het die aangehegte pamflet ontvang. As ek die boek van Maretha Maartens aan die pamflet moet beoordeel, lyk dit vir my daar is 'n paar goggas in. In die slotparagraaf weet ek nie waar Barclay se verduideliking ophou en haar omskrywing begin nie. Maar dit lyk vir my skeef — baie skeef.***

***Is die beskrywing van God se genade hier korrek weergegee, het ek 'n ernstige probleem. Dan het ek nog altyd verkeerd geleer — en is ek verkeerd geleer.***

***Wil jy nie die aangeleentheid vir ons in Swart op Wit uitklaar nie?***

***Jou standpuntinname in Die Kerkbode m.b.t. die vraag wie mag en wie nie mag publiseer of publikasies uitgee nie, is honderd persent korrek. Ek sou egter dink dat dit baie gevaarlik is vir 'n nie-teoloog, hoe bekwame skryfster sy ook al mag wees, om 'n publikasie uit te gee waarin leerstellige sake so skeef aangebied word. Daarom meen ek dat die kerk die roeping en opdrag het om álle publikasies te beoordeel aan die hand van die Bybel en die belydenisskrifte.***

***AB van Potgietersrus***

## ANTWOORD AAN AB VAN POTGIETERSRUS

Die reklamebiljet waarna ds. B verwys — wat deur NG Kerkboekhandel uitgereik is — haal 'n dagstukkie van Maretha Maartens o.m. soos volg aan: "William Barclay verduidelik wat genade is. Genade is wanneer God jou by 'n geleentheid uitbring om te word wat jy eintlik behoort te wees, sê hy. Dis 'n geleentheid om van die lewe te maak wat die lewe behoort te wees. Kom ons stel dit baie eenvoudig: God se genade is nie dat Hy die Ewige Lewe op ons *afdwing* nie. (Sy beklemtoon deurgaans.) Sy genade is nie dat Hy ons *dwing* om ons te bekeer nie. Sy genade is nie dat Hy die bekeerde *dwing* om die pad van heiligmaking te loop nie. Sy genade is dat Hy ons die *kans* gee om die ewige lewe te beërf; dat Hy ons die *geleentheid* gee om ons te bekeer en elke dag beter en reiner en heiliger mense te word. Dus: Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid. Ons moet sorg dat ons nie agterbly nie."

Dit lyk my net die eerste sin is van Barclay, en dat die skryfster dan verder daarop voortbou.

Natuurlik moet ek met die korrespondent saamstem dat dit nie die suiwer leer is nie. Dit is (m.i.) net nog 'n verwoording van die sogenaamde "ander standpunt" in die NG Kerk wat niks anders as sinergisme propageer nie. God gee ons 'n geleentheid, en dan moet ons ons kant bring. Hoe ver is dit verwyder van Christus wat ons red terwyl ons vyande is? Sou die skryfster bereid wees om te sê dat sy van art. 26 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verskil?

Wat die kerklike beoordeling van álle publikasies betref, stem ek met ds. B slegs in soverre saam dat dit die verantwoordelikheid van resensente is. Maar ek sal my nie daarmee kan vereenselwig dat daar 'n sekere kerklike keurraad moet wees en dat niks gepubliseer mag word wat nie eers deur hulle goedgekeur is nie.

In die ergste gevalle kan 'n lidmaat tog met leertug aangespreek word en die kerk kan hom van 'n publikasie distansieer.

## Gebed voor die erediens

Here, ons God — Ons sit hier, elkeen met sy eie motiewe. Gewoonte, hartseer, hoogmoed, eiegeregtigheid, bankrotskap. Sal U ons dan nie asseblief één maak nie? Nie net een in die erkenning van ons verlorenheid nie, maar ook één in die geloof. Die geloof, die glo dat Jesus ons Heer is en ons enigste Redder. As ons net almal gelowiges kan word, sal ons hoogmoed verdwyn, én die sonde. Want dan is Jesus alles vir ons almal. Doen dit asseblief — om Jesus ontwil. AMEN.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988

UIT DIE BERGREDE

# DIE LASDRAER

**Matt. 11:20–30**

*28: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."*

Ons studiegedeelte begin met die woordjie "toe" en dit is veelseggend.

Johannes die Doper, die grootste profeet, sit in die onbekeerde Herodes se tronk, en sy aangrypende navraag by Jesus ontstel Hom so dat Hy die mense verwyt omdat hulle nòg na Johannes nòg na Hom, Jesus, wou luister. Hulle wou nie rou nie en ook nie dans nie. En tog meen hulle leiers dat hulle die koninkryk van God verower het. (11:12 OV) Hulle loop wel agter Jesus aan, maar dis vir eie gewin, vir die brood wat Hy gee. (Joh. 6:26) Intussen beswadder hulle Hom omdat Hy oral waar Hy kom, eet wat en saam met wie Hy wil, en oral wyn drink. Hulle sê Hy is 'n vraat en 'n wynsuiper.

"Tóé het Jesus die dorpe begin verwyt."

* * *

In Jesus se prediking is daar 'n oorgang van evangelieverkondiging na oordeelsverkondiging; nie net hier nie, maar hier ook. Hierdie verandering hang saam met die reaksie van die mense. Aanvanklik luister hulle oopmond, maar later blyk dat hulle nie slegs belangstelling verloor nie, maar dat hulle Jesus verwerp, totdat hulle Barabbas verkies en Jesus kruisig.

Maar hoewel daar 'n verandering kom in Jesus se prediking, 'n bitter toonaard, die gerommel van grofgeskut, bly Hy hamer op die deure van die harte van die mense. As Hy hulle hulle onbekeerlikheid verwyt, pleit Hy juis daarmee dat hulle tog sal luister.

* * *

Die verwyte van Jesus is skrikwekkend. Elke kerkmens wat sommer so daaroor heen lees, weet nie wat hy doen nie.

"Wee jou Gorasin, Betsaïda, Kapernaüm..." Die nuwe vertaling verander "wee" na "ellende wag vir julle..." Maar die Grieks sê eintlik nie 'n woord nie, dit maak net 'n geluid: "Oe-ai...!" Was dit "oe-a!" kon dit selfs vreugde uitgedruk het, verrassende verbasing, maar nou is dit "oe-ai", wat pyn en verbystering in populêre Grieks verklank. Dis dieselfde verskil as tussen Afrikaans se "a!" en "ag...!"

> *Toe die mense Jesus vir 'n vraat en 'n wynsuiper uitmaak, het Hy die stede hulle onbekeerlikheid begin verwyt.*

Ag, Gorasin, Betsaïda, Kapernaüm... Ag, dorpe van Galilea waar Ek grootgeword en die evangelie begin verkondig het. Ag, bevoorregte plekke waar die koninkryk van God eerste uit die hemel neergedaal en grondgevat het. Ag, my volk...

Jesus kon ook ander dorpe se name genoem het — soos Nasaret; (later sou Hy Jerusalem op dieselfde manier toespreek). Dat Hy dié drie noem, is waarskynlik omdat dit die drie is wat Hy kan sien van heuwels af waar Hy staan en praat.

Ag, Kapernaüm, mý dorp, waar ek woon.

As in Tirus en Sidon die wonders plaasgevind het wat júlle gesien en beleef het, sou hulle hulle in sak en as bekeer het. As dit in Sodom gebeur het, sou Sodom nie met vuur en swael vergaan het nie.

As u Esegiël 27 en 28 lees, sal u 'n idee kry van die geweldigheid van die vergelyking. Tirus, die Fenisiese vesting noord van die berg Karmel en suid van Sidon, het in sy bergvesting wat by die 2000

jaar bly staan het, hom verbeel dat hy 'n god is. Daarom was hy en sy tweelingstad 'n toonbeeld van goddeloosheid waarteen meer as een profesie in die Naam van God gerig was. God het dit baie duidelik gestel dat Hy 'n diepe afkeer het van elke hoë toring van Tirus. Dat hy, Tirus, hom wel tot die hemel verhef het, maar dat God hom in die doderyk sal neerwerp — wat ook uiteindelik gebeur het in die jaar 20 v.C., waarna Tirus nooit weer 'n rol in die geskiedenis gespeel het nie. Só sal God nou ook met Kapernaüm maak.

*Hoewel daar 'n verandering kom in die toon van Jesus se prediking, bly Hy hamer op die harte van die mense.*

Oor Sodom hoef ek min te sê. Die sonde van Sodom en Gomorra het spreekwoordelik geword. Die hele Dooie See was die graf van dié stad wie se sonde, sê die Bybel. ten hemele geskrei het.

En nou sê Jesus dié bose stede sou hulle bekeer het soos Ninevé voor Jona — in sak en as, as teken van uiterste rou oor hulle sonde — wat die dorpe van Israel nié doen nie. Daarom sal dit in die oordeelsdag verdraagliker wees vir Tirus, Sidon en Sodom as vir Gorasin, Betsaïda, Kapernaüm, Nasaret en Jerusalem.

Ag, oe-ai, my volk, as julle maar geweet het wat tot julle vrede dien. As julle maar besef het dat julle sondaars is. As julle maar opgehou het om sonde by ander te soek, selfs by die Seun van God, die vraat en die wynsuiper. As julle maar besef het dat God met sy herskepping by julle begin het en dat Hy julle weer gebore wil laat word. As julle dit maar wou glo.

Maar julle wou nie. Ag, alas, wee julle...

* * *

In daardie selfde dae en in daardie selfde verband, sê Matteus, het Jesus met sy Vader in die hemel gepraat. Dié sou luister.

"Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het, en dit aan eenvoudiges geopenbaar het; só was dit u genadige welbehae."

Dit is moeilike woorde wat nie sommer so verstaan kan word nie. Maar in die lig van die hele Bybel, en al die ander plekke waar soortgelyke woorde staan, beteken dit: Here, God, as U nie u heil, u redding, u saligheid aan verstandelose suigelinge gegee het nie, sou niemand gered kon word nie. As U ons nie uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld nie, was ons onder die vuur en swael en soutwater van Sodom begrawe. As U gewag het om eers te kyk wat ons doen, was ons almal verlore, want daar is niémand wat goed doen nie, selfs nie één nie.

Dankie dat U ons nie ons verdiende loon gegee het nie. Dankie dat u *genade* u welbehae was. Dat U 'n genadige God is wat mense nie beloon vir wat hulle doen nie, maar vir wat hulle nié doen nie. Dankie dat U kinders vir Abraham uit klippe geskep het; uit die klipharde harte van onbekeerlike mense. Soos toe U die Fariseërhart van Saulus van Tarsis gebreek het.

En Jesus sê die Vader het alles aan Hom gegee; alle mag en reg. Niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader — dit is nou baie duidelik in die lig van die ongeloof van Gorasin, Betsaïda en Kapernaum — maar niemand ken ook die Vader nie behalwe die Seun.

Niemand ken en verstaan die Vader nie, behalwe die Seun.

By alles moes dit die geweldigste klap gewees het in die gesig van die vrome Jode wat besig was om Jesus se eet- en drinkgewoontes en sy skending van die Sabbat te monitor. Niemand ken die Vader nie — daaroor sou hulle Hom kruisig.

*Dat Kapernaum met Tirus vergelyk word, is skrikwekkend want Tirus het — voor sy val — hom verbeel dat hy 'n god is.*

Maar dan sê Hy ook: "en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak." Elkeen aan wie die Seun die Vader en Homself wil bekendmaak, wil openbaar.

Die saak is nie verlore nie. Want God is ook nog daar. Nie die veroordelende God nie, die genadige God — wat die arme mense innig jammer kry, en wil hardloop om hulle te red van die honger.

Ai, ag, skilderagtige onbekeerde dorpies van die skone meer van Galilea, as julle maar die evangelie wou hoor. As julle maar wou luister. Dan sal julle die oordeelsdag geheel en al misloop.

> *Die bewering dat niemand die Vader ken nie was 'n geweldige klap in die gesig van die Jode — wat besig was om Jesus se eet- en drinkgewoontes en sy skending van die Sabbat te monitor.*

"Kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Ek is (soos God) sagmoedig en weekhartig. By Mý sal julle rus kry vir julle gemoed. My juk is sag, en my las is lig."

So bars die evangelie dan tog weer oor sy lippe. Die evangelie van genade. So ruk Hy dan tog weer die brandhout uit die vuur. So klop Hy sag op die harde harte waarop Hy pas te vore met hamerslae gemoker het.

> *As julle maar opgehou het om sonde by ander te soek; by die Seun van God, die vraat en die wynsuiper.*

Kom na My toe, my volk, my kerk, hardkoppige beterweters wat maak en breek, en self die koninkryk van God vir julleself alleen wil annekseer. Ek kan dit nie oor my hart kry om julle te verdoem nie. Kyk, Ek tel die swaar juk van julle sonde van julle deurgeskaafde skouers af en ek vervang dit met 'n sagte juk van balsem en olie. *Ek* sal julle laste verder dra. Golgota toe.

Oe-ai, ag, my volk, luister tog, hoor dan nóú...

# Vreemde geregtigheid

Hý is geregverdig deur die geloof wat, sonder die goeie werke, die geregtigheid van Christus in die geloof aangryp, en, daarin geklee, deur God beskou word nie as 'n sondaar nie, maar as 'n sondelose goeie mens. Daarom definieer ons regverdigmaking eenvoudig as dat God ons aanvaar en liefhet as goeie mense. En ons sê dat dit bestaan in die kwytskelding van (óns) sonde en die toerekening van *Christus* se geregtigheid. (Inst. 3,11,2)

OPMERKING: Regverdigmaking, regverdiging, geregtigheid ens. is woorde wat volgens deskundiges nie meer deur die breë publiek verstaan word nie. Daarom word daar deesdae geneig om te vertaal in die rigting van iets soos: iemand wie se verhouding met God reg is.

Dieselfde probleem kry ons as ons die wesensbelangrike feit wil oordra dat Christus se geregtigheid aan ons **toegereken** word, want toegereken is nie meer 'n gangbare woord nie. Ek probeer om die probleem te oorkom deur te sê dat wat **Christus** gedoen het, aan mý toegeskryf word.

---

# Konsistoriegebed

"Uit onsself sou ons vanoggend nie gekom het nie. Dankie dat U deur u Gees die begeerte in ons harte gelê het om kerk toe te kom."

Hoewel dit 'n manier van bid en dink is wat dikwels voorkom, dink ek tog dat dit die bewys kan wees van die verkeerd verstaan van die evangelie. Ek is so bang dat hierdie gebed dalk familie is van dié van die Fariseër. Dankie dat U (Gees) my so goed gemaak het, my so ten goede verander het, dat ek vanoggend die goeie gewil het.

Is die waarheid nie eerder nie: Here, ek is hier met 'n warboel motiewe waarvan die meeste sondig is. Dankie dat U my, ten spyte van myself, tog hier gebring het waar u Woord is. Breek asseblief al my sondige vooroordele af, en my weerstand teen die kruisevengelie. Maak my oë oop sodat ek kan sien hoe ek diep in my hart nog die kruis as 'n ergernis ervaar. Voorkom dat ek met selfvervaardigde vroomheid rustig onbekeerd voortlewe.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988*

**TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS**
**HK 15:37,38**

# TWEE KANTE VAN 'N MUNT

Ons gaan saam met die Kategismus voort om die Twaalf Artikels, "Die Geloof", artikel vir artikel te behandel, en ons kom by ***wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is...***

Vra die Kategismus: Wat verstaan jy onder die woordjie gely?

Toenemend tref dit my dat die Kategismus, net soos veral die Nuwe Testament, aanhoudend herhaal. Hoewel daar vordering is in die argument na die dankbaarheid toe, word die redding deur Christus oor en oor herhaal. Dis nie 'n hoofroete-padkaart waar ons telkens en noodwendig 'n vólgende dorp móét kry nie.

Gely?

Die antwoord is soos twee kante van 'n munt. Christus het gely; ons hoef nie meer te ly nie. Hy het "na liggaam en siel" gely — sodat ons met "liggaam en siel" gered kan word. Hy het gely "tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan" — sodat ons nie in die "ewige verdoemenis" hoef te ly nie.

Op die eerste aanblik lyk dit asof die res van die antwoord nie so simmetries afloop nie. Die "toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag" wat Jesus gedra het, en sy lyding wat 'n "enigste versoeningsoffer" genoem word. En daarby, wat die mense betref, "die genade van God" wat Hy verwerf het, en "die geregtigheid en die ewige lewe".

En tog sou 'n mens die "toorn" ook aan die een kant van die munt kon plaas, en die "genade" aan die ander kant; en die "sonde" aan die een kant, en die "geregtigheid" aan die ander kant; en die "ewige verdoemenis" aan die een kant, en die "ewige lewe" aan die ander kant.

So spel die hele antwoord maar net weer uit: Jesus Christus het ons op die kruis verlos. Hy het ons plek geneem. Hy was in die hel (van die aarde en die kruis) om ons daaruit te kry.

* * *

Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

> ***Hoewel daar vordering is na die dankbeid toe, herhaal die Kategismus die evangelie aanhoudend.***

Weer dieselfde manier van dink; maklik te verstaan, maklik te onthou. Christus in mý plek.

Die regter het Hom onskuldig bevind — dus bewys dat Hy die sondelose Middelaar is wat ons gesoek het — en Hom tóg veroordeel. Só, as die Een wat onskuldig is en tog boet, het Hy ons van die "streng oordeel van God bevry wat oor ons moes kom."

* * *

Beteken dit iets meer dat Hy gekruisig is en nie op 'n ánder manier gesterf het nie?

Hier is dit nou waarlik kruis en munt.

Omdat die kruisdood (by implikasie) in Deut. 21:23 vervloek is, is ek ***seker*** dat Hy die vervloeking wat op mý gerus het, op Hóm geneem het. Só slaan ek munt uit die kruis.

Ek kry nie deel aan Christus se verlossing omdat ek my deel by-dra nie. Ek het deel daaraan omdat Hý dit so op my betrek. Hy het dit vír my gedoen.

*Ek slaan munt uit die kruis omdat Jesus in mý plek aan die kruis gehang het.*

Dit glo en bely ek in die Geloof van die kerk van alle eeue.

# Politiek op die kansel

Tydens 'n kerklike vergadering drink ons tee en prof. Johan vra hoe dit in die gemeente gaan. Ek sê goed onder omstandighede. Ons is polities sterk gepolariseerd, maar ons behou die eenheid deur eenvoudig nie politiek van die kansel af te preek nie. "Maar kan jy dit doen!?", vra hy. "Professor, as u 'n keer van die kansel af vir die Opposisie gebid het, sal u agterkom 'n mens kán dit doen."

---

**Van bl. 27**

Toe ek die gesmelte lood in 'n stuk groen riet wat ek voor die agterdeur geplant het giet, ontplof die riet met 'n knal en spuit gesmelte lood die lug in. 'n Blerts lood het voor by my hemp ingeval en 'n paar druppels in my hare. Soos 'n vetgesmeerde blits het ek weggehardloop, waarheen het ek nie geweet nie, maar in daardie brandende oomblikke maak dit ook nie saak nie, jy hardloop net.

Moet ek vertel van die winteraande se kuier rondom die Dover se weldadige warmte terwyl jy hom aan die gang hou met mieliestronkies en die grootmense spookstories vertel en pyp rook en koffie drink? Terwyl die badwater in die ghôghôk op die stoof ('n viergelling paraffienblik (Laurel paraffien) met 'n no. 8 bloudraadhandvatsel) stadig warm word vir later se bad in die sinkbad.

Rondom die koolstoof is die groot lewensraaisels uitgepluis: toordery en goëlery, en die mag van slamse; jou geloof in spoke en dwalende geeste is beproef; jagverhale en heroïese honde het aan die orde gekom; boererate vir goormaag en verstopping is aanbeveel, 'n fyngekapte ui vir inflammasie, wynruit om die koors te breek. Watter soort muishond is die skelmste: die stinkmuishond of die kommetjiegatmuishond? Danste en begrafnisse is bespreek, testamente uitgelê. Die groot geeste wat die tyd beroer het, het hulle regmatige aandag gekry: Daisy de Melker, Siener van Rensburg, Johannes van der Walt, Rooisous Roux, die Ossewabrandwag. Die hoë en onverstaanbare dinge is gereduseer tot "propaganda" of "net 'n geldmakery" of "oëverblindery".

En ons het as kinders behoorlik aan die grootmense en oumense se lippe gehang met 'n algemene "ongetwyfelde" geloof. Hulle het vir ons 'n veilige warm wêreldjie voor die Welcome Dover geskep. Hulle was in beheer van die lewe.

Maar vandag?

Die stem van die storieverteller is dood.

In plaas van die kombuisgemeenskap van die gesin en familie rondom die Welcome Dover, sit ons vandag in 'n steriele TV-kamer soos zombies met glasige oë en staar na goedkoop Amerikaanse videos.

Ons het kultuur, egte boerekultuur, verruil vir plastiek. Klatergoud. Dis om van te huil. Hoe árm het ons nie geword nie!

Roep 'n vasdag uit. Hef 'n klaaglied aan: Uit dieptes gans verlore, van redding vér vandaan...

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988

# CHRISTELIKE ETIEK

As ek die groot teoloë reg verstaan, kan ons die probleem van die etiek nie ontduik nie. Ons kan nog soveel keer praat oor hoe God sy goddelose vyande regverdig verklaar en vergewe het, en oor hoe ons dade nie tel vir die hemel nie, maar ons móét een of ander tyd uitkom by die daad, die korrekte, goeie daad.

Ethos – waar die woord etiek vandaan kom – beteken intussen nie goeie daad nie. Dit beteken gewoonte. Dit het te maak met die tradisie, met dit wat tradisioneel as die korrekte handelswyse beskou word.

Dáárop kan 'n Christelike etiek nie gebou word nie.

As Jesus ons 'n "nuwe gebod" (Joh. 14) gee – om mekaar lief te hê, dan spoor Hy ons nie aan tot 'n emosionele pligpleging wat op homself staan nie. Hy pleit by ons om lief te hê soos wat Gód liefhet. Die liefde wat Hy vra, is ***barmhartigheid***. Dit is om lief te hê soos wat God ons éérste liefgehad het – toe ons sy goddelose vyande was. Ons moet ons ***vyande*** liefhê. Ons moet barmhartigheid bewys. Ons moet volmaak wees soos ons Vader in die hemel volmaak is – wat sy son laat skyn en laat reën oor regverdiges én onregverdiges. Ons moet liefhê veral dié wat dit die minste verdien.

As Christene moet ons besin oor wat reg en verkeerd is in die lig van die wet van God. Maar dan nie 'n abstrakte wet in die sin van die wet is nou eenmaal die wet nie. God se wet is nie arbitrêre opdragte wat Hy gegee het net omdat dit Hom behaag nie. Die Wet van Sinaï is die Tien Woorde van sy liefdesverbond. Dit is Tien Gebooie, tien dinge wat God gebied het, dinge wat Hy ons beveel het om te doen – omdat dit sin maak.

En as Jesus die gróót gebod in die Wet moet aandui, vat Hy alles saam in die Groot Liefdesgebod.


Maar ook hierdie "gebod" mag ons nie verhard tot 'n koue wet nie. Die eienaardige is dat ons die groot liefdesgebod verhard tot 'n verpligte emosie. Ons maak dit los van die kruis, soos wat Israel dit losgemaak het van die genadige verlossing uit Egipte.

So staan die regverdiging van die goddelose tog nie los van die etiek nie. Dit is die meesterplan, die lees waarop ons ons dade moet skoei. Elke sede, elke goeie werk, moet 'n dankbaarheidswerk wees. Dankbaarheid oor ons verlossing, maar ookgestruktureerdeur ons verlossing. Ons moet liefde teenoor mekaar bewys soos wat God dit teenoor óns bewys het. In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself, al sou daar 'n menslike saak daarvoor uitgemaak kan word dat hy laer is.

In hierdie lig kan ons verstaan waarom ons altyd weer 'n boetelied moet sing as die liefdesgebod in die erediens aan ons voorgehou word. Maar in hierdie lig kan ons ook baie makliker uitmaak wat ons moet doen om ware dankbaarheid teenoor mekaar te bewys.

In sy oond het ons die allerheerlikste skaapkoppe gebak: donkerbruin buite, maar met sagte binnewange, tong, oë en harsings. Eenmaal ook 'n ystervarkvel: sy binnekant gesout-en-peper, gekruie met naeltjies, en tiemie en koljander, toe opgerol soos 'n rolkoek, met draadjies vasgemaak en in 'n broodpan in die oond gestoot tot die ergste vet uitgebraai

Die uitgebraaide ystervarkvet het ons later op dik snye warm boerbrood gesmeer. My ma het altyd haar brode wat uit die oond kom, met 'n lappie vetgesmeer en in die strykkombers toegedraai dat hulle stadig kan afkoel. Om aan 'n warm brood te sny, is glo "skadelik". Maar soms het sy tog vir ons die korsies van die brood afgesny.



het. Daarna is hy stadig verder gebraai op die rooster in die oond. Sy buite-ronding was souterig bros geskroei tot 'n pêrelagtige tekstuur en daarbinne, stomend geurig en snotsag in sy binnevet, lê die vellings hemelse heerlikheid en glinster in die kerslig.

Wat sal ek sê van die honderde voëls wat ek met die kettie en die windbuks geskiet en in sy oond gebraai het, tortelduifvleis so bros gebraai dat jy dit met jou tande vergruis. Wat van die skilpadeiers wat ek eenmaal op hom gebraai het, die groenmielies in die asbak, die lood wat ek op hom gesmelt het vir vishoeksinkers?

**Na bl. 25**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/2 MAART 1988

# DOKSOLOGIE VIR 'N DOVER

Nico Steenberg

*Ver en bedrieglik*
*loop die spore van onthou*
*maar die swartstoof winters*
*was tog warmer as nou*

*(Charles Fryer, Windharp)*

*Nico Steenberg skryf so nostalgies oor die Dover in sy ma se kombuis dat ek byna my geheime ideaal om in my klein wit huisie te gaan boemel, uitgevoer het. As ek net êrens 'n stoof kan kry.*

Die naaste wat 'n mens op aarde aan die hemel kan kom, is om op 'n koue winteraand in 'n boerekombuis voor 'n Welcome Dover te sit, terwyl dit buite stuifreën op die sinkdak en die winterwind om die hoeke huil, al wenend deur die lange nag.

(Die tragedie van die Afrikaner is dat 'n geslag mense aan uitsterf is wat as 't ware die lewenslig voor 'n swartstoof aanskou het, wat gesoë en getoë is in die boerekombuis van weleer.)

My kleinkinderjare is onlosmaaklik verbind aan my ma se Welcome Dover no. 8. As ek in die môre vroeg nog so dronk-dronk van die slaap uit die kamer geslinger kom, het my ma, winter en somer, vir my 'n stoel voor die stoof geskuif en vir my 'n beker koffie gegee. Ek vra: wat méér kan 'n mens van die lewe begeer as die warmte van 'n koolstoof en 'n beker koffie? Sterk FG-koffie. Daar voor die Dover het ek gesit en nikssiende in die vlamme gestaar tot die voersies op my bene uitslaan van die té na sit aan die vuur. Ek het seker 'n miljoen kere die woorde op die stoof gelees: Columbian Stove Works — Welcome Dover no. 8.

Daardie Dover was die hart van ons huis. Hy het ons gevoed en gelaaf en getroos. Voor hom het ek saans onvergeetlike kettiemikke met my Joseph Rogers-knipmes geskep en kosbare riempies uit my pa se gebreide bosbokvel gesny. Daar op die bankie voor die stoof het my ma die diep sny in my voet gedokter met balsemkopiva en twakblaar.

Saans het my pa die fynhoutjies op die es met die byl gekap vir môrevroeg voordag se vuurmaak — plankies wat hy met perfeksionistiese vakmanskap gekloof het. Is daar 'n mooier geluid as 'n greinhoutplank wat oopskeur as hy met 'n skerp byltjie gekloof word? Hoe vandag se mans deur die lewe kan gaan sonder 'n handbyltjie, gaan my verstand te bowe. My pa was 'n man van die aarde — uit die aarde aards, sou die apostel kon sê. As hy praat van "fynhoutjies, doringhout, vuurmaakhout", dan léwe hierdie woorde; dan hoor jy as 't ware die vlamme dreun as die Welcome Dover lekker trek in die skoorsteen op. Ek het gesien dat hy met sy kaal hand 'n kool uit die stoof haal en in sy pyp se kop sit.

Wat het nie alles van daardie stoof af gekom nie? Die allerheerlikste vleisgeregte, want geen moderne mikrogolfoond kan kers vashou by 'n swartstoof as dit by vleis gaarmaak kom nie. Soms het my ma die Dover se voorste ronder uitgehaal en 'n kafferpot daar ingesit dat sy pens net mooi vassit. Daarin het sy dan 'n moddervet hoender gekook en gebraai — nie hierdie bleekwit vishoenders van vandag nie — nee, 'n vlesige werfhoender wat sy boude vol spiere geskrop het onder vyebome in die agterplaas.

As sy die hoender uitskep, het sy stampmielies onder in die pot geroer tot dit so geelbruin van die hoendersous en brandvleisies is — as daar 'n groter heerlikheid op aarde is, kan dit maar by my verbygaan.

So is ook die skaapafval gekook — afval so wit geskraap soos 'n lakint wat met boerseep gewas is — tot hy murgsag in jou mond smelt met daardie aardse ystersmaak van die kafferpot aan hom.

Wat sal ek sê van al die ander heerlikhede wat die Welcome Dover opgelewer het? Die gestopte duikerboutjie, die haaspastei, dik boontjiesop met spek in, plumpoeding met sy rosyntjies en tiekies, die klinkerkoekies met anys in, goudbruin boerbrode uit die oond, die souskluitjies met kaneel, varkkaiings, gebakte kwepers, vyekonfyt, vetkoek, moerkoffie.